# PSALM 108

```
              D               G
1.      Hoe rus, Yahweh, my hart in my,
            D            A
        ek wil ‘n oggendlied U wy.
            D                       G
        My blydskap, Yahweh, wil ek vier
             D                 A7      D
        met mooi musiek van harp en lier.
            D       G      D
        Ek wil die rooidag wakker maak
             D        G         D      A7
        wanneer ek soggens vroeg ontwaak.
            D        D7     G
        U trou, wat reik tot in die wolk,
            D            A    D
        besing ek onder elke volk.

              D          G
2.      Verhef U bo die hemel wyd
            D                A
        en bo die aarde~U heerlikheid.
            D                    G
        Verlos U diensvolk deur gesag,
             D                  A7     D
        verhoor ons, toon U grootse mag.
            D      G         D
        Dit is die antwoord van Yahweh:
             D          G   D     A7
         “Ek sal oor Sigem triomfeer,
            D        D7     G
        Ek gee dit aan My volk as buit;
            D             A      D
        die Sukkotlaagte deel Ek uit.”

              D             G
3.      “Manasse, Efraim, hul albei,
             D           A
        met Gilead, behoort aan My.
              D             G
        Oor Juda heers Ek koninklik.
             D             A7      D
        Oor Moab sal Ek ook beskik.
            D          G       D
        My juigkreet word ook uitgedra
             D        G   D       A7
        oor Edom en Fi – lis - te - a,
            D      D7         G
        oor elke streek waar Ek regeer
            D              A    D
        en as Oorwinnaar triomfeer.”
```

```
           D                G
4.   Wie sal ons Edom toe kan vat
         D               A
     en lei na Sy versterkte stad?
           D                  G
     Yahweh, gaan U ons nog verstoot,
         D              A7      D
     alleen laat uittrek in ons nood?
            D      G       D
     Gee ons U bystand in die stryd,
             D          G   D    A7
     want mensehulp is nietigheid.
            D        D7         G
     Ons steun op Yahweh's heerserskap;
          D               A       D
     ons vyand sal Hy self vertrap.
```